SUID-AFRIKAANSE RADIOLIGA

SARLNUUS SONDAG 4 JANUARIE 2004

U luister na amateurradiostasie ZS6SRL van die Suid-Afrikaanse Radioliga, die nasionale vereniging vir amateurradio in Suid- Afrika, met 'n nuusbulletin wat elke Sondag om 08:15 Sentraal Afrika Tyd (SAT) in Afrikaans en om 08:30 SAT in Engels uitgesaai word.

Hierdie bulletin is ook op die webwerf van die SARL by www.sarl.org.za en op pakketbulletinborde beskikbaar.

STIL SLEUTEL

Dit is met leedwese dat ons die heengaan van OK Jimmy dos Santos, ZS6BAL, op Maandag 29 Desember bekendmaak. Jimmy was 'n lid van die Wesrandklub en sal deur sy baie vriende gemis word.

Ons innige simpatie word betuig aan sy eggenote Caron, ZS6MIC, dogters Leigh en Selcia, ander familie en vriende.

(POUSE)

In die nuus vandag:

NUWE IARU STREEK 1 TWEE METER AURORA REKORD

NUWE IARU STREEK 1 TWEE METER BAKEN IN WERKING

NOMINASIES VIR RAAD SLUIT MôRE

ORGANISASIES SE KOMMENTAAR VERDIEP SORGE OOR BPL

KLUBNUUS

Bly ingeskakel vir meer besonderhede hieroor en ander nuusitems.

Besoek ook die SARL se webblad of skakel die SARL-kantoor wat vanaf 09:00 tot 13:00 op weeksdae oop is by telefoon 011 675-2393 vir inligting oor hoe om by die SARL aan te sluit, boekverkope en alle verwante amateurradio-aangeleenthede.

Die SARLnuusdiens nooi klubs en individue om nuus aangaande amateurradio op die webwerf van die SARL te plaas by www.sarl.org.za/newsinbox.asp nie later nie as die Donderdag wat die bulletin voorafgaan. Indien moontlik doen dit asb in Afrikaans sowel as Engels.

U luister na ZS6SRL.

NUWE IARU STREEK 1 TWEE METER AURORAREKORD.

Op 31 Oktober 2003 is 'n nuwe IARU Streek 1 tweemeter aurorarekord opgestel tussen Peter, OZ1LPR, en Nikolai, RA3QTT, oor 'n afstand van 2 062 km. Die vorige rekord het op 2 014 km gestaan.

NUWE TRANS-ATLANTISE 2 METER BAKEN IN WERKING GESTEL

Die 2 meter transatlantiese , VO1ZA, is vanaf Newfoundland in
Kanada in werking gestel. Dit saai op 'n frekwensie van 144,400 MHz in die rigting van Europa uit. Die Marconi Radioklub van Newfoundland beheer die baken.

Die sender voer 'n Cushcraft 11 element yagi met 250 W uitsetkrag.
Die baken is in Conceptionbaai, Newfoundland gesetel in ruitblok GN37JS. Die antenna is 90 meter bo seevlak. Ontvangsverslae kan gestuur word aan die volgende e-posadresse: vo1hp@rac.ca of vo1na@rac.ca. (Die vorige twee nuusitems deur OZ8SL en ZS5JF).

NOMINASIES VIR DIE RAAD VAN DIE SARL ASOOK MOSIES VIR DIE AJV

Nominasies vir kandidate wat graag op die Raad van die SARL wil dien mag tot môre, 5 Januarie ingedien word. Die nominasie moet in skrif wees en geteken deur 'n voorsteller en sekondant. 'n Motivering en CV moet die nominasie vergesel.

Elke nominasie moet ook vergesel wees deur 'n geskrewe verklaring deur die kandidaat waar hy/sy verklaar dat hy/sy bereid is om op die Raad te dien.

Die sluitingsdatum vir mosies om by die AJV ter tafel gelê te word, is ook môre, 5 Januarie. Mosies moet aan die Ligasekretaris gestuur word en moet ook geteken wees deur 'n voorsteller en sekondant.

Die genomineerdes, voorstellers en sekondante moet almal lede wees van die SARL.

ORGANISASIES SE KOMMENTAAR DRA BY TOT KOMMER OOR BPL

In Amerika het twee organisasies by die FCC kommentaar gelewer wat bydra tot die bekommernis oor potensiële steurings vanaf en na die beplande BPL (Broadband over Power Lines) stelsels. Die Federal Emergency Management Agency (FEMA) het ook sy kommer uitgespreek en die Disaster Preparedness and Emergency Response Association (DERA) vra die FCC om onafhanklike toetse te laat doen en om ook na publieke kommentaar te luister.

Die Amateur Radio Research and Development Corporation (AMRAD) het bykomende data aan die FCC beskikbaar gestel om die kommer te ondersteun dat BPL stelsels maklik onderhewig is aan steurings van selfs die eenvoudigste amateur HF-apparaat. AMRAD sê dat hulle data bewys dat amateuraktiwiteit in hulle toetsomgewing heelwat huise binne 'n radius van 0,51 myl vanaf die sender sonder internetverbindings gelaat het.

AMRAD het RF-toetse uitgevoer in hulle Potomac BPL-toetssentrum vroeg in November. Die toetssentrum is deel van 'n stelsel wat 'n huis bevat vanuit die mid-sestigs wat van ongeskermde bedrading gebruik maak. Die toetsomgewing het oorhoofse kragdrade.

AMRAD het bevind dat binne 'n afstand van net meer as 'n halfmyl, dataversending gestaak het toe 'n sender van 100 W op 3980 kHz vanaf 'n mobiele stasie uitgesaai het. Dataversending het gestaak met 'n uitset van slegs 4 W op die bande vanaf 4 tot 21 MHz. Die ARRL hoop om 'n onafhanklike studie van BPL gedurende vroeg Januarie uit te voer.

Hierdie studie sal ondersoek instel hoe BPL die HF- en lae BHF- amateurwerking sal beïnvloed. Bykomende inligting oor BPL is te kry op die ARRL se webtuiste.

KLUBNUUS

OOS-RAND KLUB

Die Oos-Rand Radioklub nooi klubs, veral Oos-Randse klubs, uit na 'n kattebakverkoping op 24 Januarie om 10:00 by die Germiston Bootklub. Die kattebakverkoping begin om 10:00 en word gevolg deur 'n vergadering om 'n forum in die lewe te roep wat ten doel het om klubs aan die Oos-Rand te koördineer t.o.v ontmoetings ensomeer.

Die Germiston Bootklub het veilige parkering en 'n lekker groot saal.

Sien u daar.

Die Oos-Rand Radioklub sal op 16 Januarie 2004 om 19:00 'n komiteevergadering by die klubhuis hou. Lede wat nie kan bywoon nie moet Johanna Harris skakel by 011-814-2121 om verskonings aan te teken.

DATUMS VAN GEBEURTENISSE OM AAN DEEL TE NEEM

10 11 Januarie Hunting Lions on the Air 18 Januarie INTEGNET 23 25 Januarie PEARS BHF/UHF-kompetisie 14 Februarie Kinderdag

Die SARL nooi u om Sondae om 10:00 na Amateur Radio Mirror International op 17 815, 9 750 en 7 082 kHz en 145,625 MHz in die Oos Londen-, 145,650 in die Durban-, 145,750 MHz in die Pretoria- en 438,800 MHz in die Sandtongebied te luister. 'n Heruitsending kan Maandagaande om 21:00 SAT op 3 215 kHz gehoor word. ARMI word deur Telkom en Sentech geborg.

Dit bring ons dan aan die einde van hierdie bulletin wat saamgestel is deur Martin, ZS4ABU, en gelees deur ……. vanuit …… as 'n diens aan radioamateurs, kortgolfluisteraars en elektronikaentoesiaste.

U het geluister na ZS6SRL en baie dankie dat u by ons aangesluit het. Dankie ook aan diegene wat items vir die bulletins verskaf en aan al die amateurs wat so gereëld die herleidings waarneem.

Hierdie Afrikaanse uitsending eindig nou en SARLNUUS wens u 'n aangename week toe.

Totsiens almal.

/EX